HANEKRAAI

25 Jaar se vreugde, sukses en harde werk is agter die rug !!

NUUSBRIEF VAN DIE TRADISIONELE BOEREMUSIEKKLUB VAN SA
Nr 1 / November 2006

REDAKSIONEEL

Die Nuusbrief het van gedaante verander en ‘n naam gekry, wat voortaan gebruik sal word. Waar daar oor die jare soveel maal nog jolig gedans is met hanekraai en die boerekonsertina en traporrel nog sterk teen die juk gelê het met dagbreek, is dit gepas dat ons Nuusbrief se naam ons ook daaraan herinner hoeveel plesier en aangenaamheid ons musiek in ons voorouers se lewens gebring het en dieselfde vir ons doen. Ons moet dit as ‘n kleinood bewaar en deurgee solank as wat die hane bly kraai.

Tom Adams het, soos hy in die laaste Nuusbrief meegedeel het, die juk neergelê wat die Nuusbrief aangaan, en ‘n paar lede sal voortaan onder leiding van Kobus Müller die Nuusbrief opstel. Tom word hartlik bedank vir die moeite wat hy oor die jare gedoen het met die Nuusbrief. Ons is dankbaar dat hy nog die ander pligte sal bly nakom. Lede word weereens uitgenooi om bydraes in te stuur en per brief gesprek te voer oor die TBK en ons saak. Daar sal steeds gepoog word om almal op hoogte van sake en gebeure te hou. Wat deesdae al belangriker word, is om jonger lede van dié inligting te voorsien wat ouer lede as vanselfsprekend aanvaar. In die Vastrappers en Opskommels van die verlede, lê baie interessante inligting opgesluit wat so mettergaan weer in ‘n nuwe baadjie opgedis sal word.

Nou dat die Vastrapper ter sprake gekom het, is dit met hartseer dat ons meedeel dat die opsteller daarvan, oom Piet Bester, op 5 September 2006 oorlede is. Oom Piet het waardevolle werk gedoen met die opstel van sy drie Albums en het ook deur sy bemoeienis en ywer, direk daartoe aanleiding gegee dat die TBK uiteindelik ontstaan het. Ons is baie dank aan oom Piet Bester verskuldig. Ons bid sy familie sterkte en vertroosting toe.

Die jaar 2006 snel nou vinnig na sy einde toe en 2007 lê net om die draai. Die redaksie van Hanekraai wens al ons lede ‘n geseënde Kersfees en voorspoedige 2007 toe. Ons hoop en vertrou dat ons in die nuwe jaar hartlik sal saamwerk en ons saak sal uitbou terwyl ons, ons musiek en mekaar se vriendskap geniet.

Herdenking – CD – Drukkersduiwel !

Nieteenstaande al die moderne tegnologie en voorsorg, het daar nog foute ingesluip by die eerste volume van die Herdenking-CD. **Konsertinajodelpolka**, van oom Hannes Viljoen, word gespeel deur **Willem Jooste [jnr]** en nie deur Dawid Barnard, ‘n mondfluitjiespeler, soos aangedui nie. Dan is **Lona Schoeman** se naam uitgelaat by **Stellenbosch verlange-wals** van oom Jan Visser. Ons vra Lona en Willem [jnr] om verskoning vir die foute wat vir die toekoms reggestel sal word. Maar terwyl hulle name nou om die verkeerde rede opgeduik het, wil ons sommer die twee musikante aan ons lede voorstel.

Lona Schoeman, sekretaresse van die Pretoriatak, is ‘n getroue en ywerige lid van die Tak. Sy is ook ‘n ywerige musikant wat traporrel speel, ‘n musiekinstrument wat ongelukkig al minder gespeel word. Sy beskik oor die vermoë om musiek te lees en te skryf en teken dan ook musiekstukke vir die TBK op, wat later in druk kan verskyn. Ons hoop en vertrou dat sy genoeg geleentheid sal vind om die traporrel te woord te staan, dat ons nog lank na haar musiek kan luister. Sterkte, Lona!

Willem Jooste [jnr] is as’t ware met ons musiek in sy ore gebore. Hy stam uit die bekende Joostefamilie van die Wes-Rand. Pa Willem en boetie Gerrit is veral doenig met die snaarinstrumente. Sy oom, Gert, se skerpte met die konsertina en snare is oorbekend en dan laat sy niggie, Marinda, ook nie op haar wag nie. Om uit so ‘n familie te stam beteken net dat die musiek in jou bloed is en voeg ‘n mens dan Willem [jnr] se begaafdheid en volharding by, dan het ons ‘n uitstekende musikant wat op koers is. Willem is maar 16 jaar oud en sy behendigheid met die 3¾ry en die boerekonsertina, dui op groot dinge vir die toekoms. Kleinboet Gerrit is maar 13 jaar oud en speel al van sy sesde jaar af saam op die verhoog.

Iets wat ook nie ongenoemd moet verbygaan nie, is die rol wat Sean Minnie, wat op die oomblik in Amerika is, gespeel het om Willem [jnr] van ‘n instrument te voorsien. Sean het nie net die talent raakgesien nie, maar inderdaad iets daaraan gedoen, tot ons almal se voordeel. Hy het eers vir Willem [jnr] ‘n 3ry Wheatstone ‘geleen’ en toe later die 3¾ry Havil aan hom geskenk. Sean, baie dankie vir jou houding en liefde vir ons musiek!

Die Joostefamilie het as die *Lekker Kêrels* en *Jnr Lekker Kêrels* al CD’s die lig laat sien.

Willem Jooste [jnr]

Gerrit Jooste

Fyntrapboereorkes

Dr Bernard Schoeman, van die Pretoriatak, het in sy doen en late vier musikante van die Oosrand raakgeloop en hulle genooi om by die byeenkoms van die Tak in Augustus 2006 op te tree. Die lede het hulle glad nie geken nie, maar het met hulle optrede besef dat dit nie die laaste keer is wat hulle op die verhoog sal wees nie, want die manne het aanvoeling en liefde vir ons musiek. Intussen het Dries Neethling en sy Fyntrapboereorkes bekend geraak by die Pretoria- en Wesrandtak. Hulle is entoesiasties oor ons musiek en ons saak en wil graag betrokke wees en ‘n bydrae maak. Dries Neethling en Mike Cothill speel konsertina en George Holm en Johan Pienaar speelkitaar. Hulle aanslag is aangenaam en vars en met die

loop van tyd sal hulle as orkes tot iets besonders ontwikkel. George Holm is ook ernstig in die weer met ‘n boerekonsertina en sal seker binnekort van hom laat hoor.

Algemene Jaarvergadering

Die Algemene Jaarvergadering is op 7 Oktober 2006 gehou. Die wysiging aan die Grondwet is goedgekeur en die ander sake op die agenda is rustig afgehandel en daarna is die vyf-en-twintigste bestaansjaar, deur die goeie opkoms van lede wat daar was, gevier tot kort voor middernag.

Die bestuurskomitee wat gekies is, is die volgende : Jasper Vlok – voorsitter; Kobus Müller – ondervoorsitter; Stephaan van Zyl – sekretaris; Fred Nelson – penningmeester en Danie Labuschagne, Sias Erasmus, Boetie van Zyl en Tom Adams as lede.

Die volledige notule sal later beskikbaar gestel word.

Die TBK en die toekoms

Daar lê nou 25 jaar agter die TBK en die volgende 25 jaar lê nou voor. Die omstandighede het sedert 1981 dramaties verander op byna elke lewensterrein in ons land en ook in die wêreld. Dinge gebeur teen ‘n al vinniger tempo en dit is vir baie van ons eintlik amper onmoontlik om met alles by te hou. Veral die elektroniese vooruitgang is verstommend. Wat musiek aangaan, word die wêreld oorspoel met allerlei soorte musiek want dit behels groot geld. Ons kinders word in die tydsgewrig groot en word aan alles blootgestel.

Dit val op na hoeveel musiek die jongmense luister en hoe maklik dit is om musiek te bekom en daarna te luister. Dit is in dié omstandighede wat die TBK hom bevind en sal moet meeding om ‘n staanplek vir tradisionele boeremusiek as deel van ons volksmusiek. Kom ons aanvaar dit as ‘n uitdaging en nie as ‘n belemmering nie.

Voordat ‘n mens verder gaan, sal dit miskien die moeite loon om na die groter beeld ook te kyk. Die musiek van Afrikaanssprekendes in ons land, het meer as een faset. Daar is die tradisionele boere- en sangmusiek wat eng verweefd is, die boeremusiek wat modern gespeel word en die sangmusiek wat die afgelope tyd so sterk navore getree het en wat baie aandag en aanhang geniet. Hierdie musiek bestaan langs mekaar en het elkeen sy aanhangers. Nou kan ‘n mens jou daaroor verknies dat almal nie hulle gewig agter tradisionele boeremusiek ingooi nie of ‘n mens kan dit as ‘n feit aanvaar en sorg dat jou saak op sy beste aangebied en bevorder word by oud en jonk. Die komende geslagte sal besluit wat kultuur word en wat die vergetelheid ingaan. In die geval van moderne boeremusiek en die sangmusiek is daar ook ‘n finansiële sy aan verbonde en mense probeer om ‘n lewe daarmee te maak met alles wat daarmee saamhang. Dit lei net tot ‘n klomp onsmaaklikheid om met ander mense oor hulle musieksmaak te twis. Baie eerder moet ‘n mens jou op jou eie toespits en dit bevorder. Tradisionele boeremusiek het die toets van die tyd deurstaan en sal dit in die toekoms ook doen as ons oordeelkundig en slim te werk gaan in ons eie omstandigheid.

Die TBK het sy doelstellings en dit is ons saak om die doelstellings te bevorder, onverkort, en dit wat ons geërf het vir ons kinders na te laat. Almal moet weet dat egte tradisionele boeremusiek is by die TBK te kry en te hoor. Baie moeite is gedoen en word nog gedoen om dit te verwesenlik en te verbeter. Maar die uitdagings word nie minder nie maar al meer. Een ding is egter seker en dit is dat daar die afgelope 25 jaar baie bereik is. Deur die toewyding en versiendheid van sommige van ons lede en ander vriende, is ons nou in staat om te sê dat wat tot nou toe bekombaar was van ons musiek, is versamel en versorg. Hier dink ‘n mens aan die bydrae wat Danie Labuschagne,

Hans la Grange, Wilhelm Schultz, Piet Bester, Jo Fourie en Pieter W. Grobbelaar gemaak het. Ons besit vandag ‘n mooi musiekskat, wat met die druk van ‘n paar knoppies op ‘n rekenaar, ter hand is, omdat ‘n klompie mense jare se arbeid en geld opgeoffer het om dit te bekom. Nou is dit ons plig om dit lewend te hou en uit te dra.

Kom ons stel nou vir ons die doelwit om in 2007 elkeen ‘n lid vir die TBK te werf. Hier moet ons veral gerig wees op jongmense, die volgende geslag, en op ons kinders. Stel hulle bloot aan die musiek waarvoor ons so lief is, dat dit so ongesiens in hulle bloed kom en deel van hulle is, as die behoefte aan kedoef-kedoef by die kinders begin vervaag. Moet ook nie net daarop ingestel wees om ingeskrewe lede te werf nie maar lei mense ook daartoe om vriende van tradisionele musiek te word en te wees en laat ons musiek dan self die res doen. Wees opgewonde oor ons skat en erfenis, dit is aansteeklik. Geen mens wil tog betrokke raak by iets wat mense bedruk maak nie. Mense wil graag deel van ‘n wenspan word. Geniet ons musiek en bevorder dit! Ons moet ook toesien dat ons musiek van goeie kwaliteit net so maklik beskikbaar word as wat ander musiek is.

Dit het die afgelope tyd opgeval hoeveel jong musikante daarin belangstel om tradisionele boeremusiek te speel en te leer speel. Hierdie musikante moet gelei en ondersteun word om tot hulle volle potensiaal te ontwikkel. Instrumente is duur en soms moeilik bekombaar. Die TBK sal sy vere moet regskud om ‘n groter bydrae vir die jongmense te lewer en dit nie net aan ‘n paar musikante oor te laat nie.

Hierdie is net ‘n paar gedagtes om aan te herkou vir die res van 2006. Laat hoor van julle of julle saamstem en voeg nog gedagtes by.

Kobus Müller.

Beplande CD's vir 2007

Daar word vier CD's vir 2007 in vooruitsig gestel.

Die eerste is 'n CD met die Maricomusiek van Jan Mans daarop, wat reeds in 'n groot mate klaar opgeneem is en vroeg in die nuwe jaar beskikbaar sal wees.

Die tweede CD sal op versoek van baie van ons lede, die snaarinstrumente behels en is reeds klaar beplan . Vroeg in 2007 sal daar met die opnames begin word en hopelik sal dit kort daarna beskikbaar wees.

Die derde CD se musiek sal deur Lourens van Zyl en sy orkes verskaf word.

Die laaste CD wat beplan word, sal deur die jong leeus van die TBK voortgebring word en sal so in die tweede helfte van 2007 beskikbaar wees.

Almal wat met die opnames gemoeid is, word bedank vir die goeie gees en gesindheid waarin die saak afgehandel word. Dit is net 'n plesier om in so 'n span te trek.

Bokjol op die plaas

In die soeke na musiek wat nie verlore moet gaan nie, het ek tussen Danie Labuschagne se versameling afgekom op twee tuisgemaakte bandjies met musiek van oom Dries Pretorius en oom Theunsie Botha. Toe verder gesnuffel is, het ek uitgekom by Corrie Badenhorst van Pietersburg en hom toe uitgevra na die musiek. Corrie was baie behulpsaam en het nog musiek bygevoeg en dit help

identifiseer. Corrie ken die twee Ooms se musiek goed want oom Dries was sy skoonvader en oom Dries en oom Theunsie was groot vriende wat baie saam musiek gemaak het. Maar toe kom nog ‘n naam by, nl oom Hansbok Badenhorst. Oom Hansbok se doen en late lei ons toe na Marico se wêreld toe en die vrolikhede wat daar afgespeel het in die jare toe die Afrikaners gespook het om huis en haard weer op te bou na die verwoesting van die Tweede Vryheidsoorlog. Ek vra toe vir Corrie om so ‘n plesierigheid, soos hy dit as kind en jongmens beleef het, op skrif te sit. Dit het hy gedoen en aan my gestuur.

Oom Hansbok was ‘n boorling van Marico se wêreld en sy ouers was oom Frans en tant Alie. Oom Frans was alombekend as Ouboet Frans en hy het lewensmiddele vir sy gesin gevind deur om die helfte vir plaaseienaars te boer. Ouboet Frans het altyd sy oog in die seil gehou vir ‘n goeie geleentheid om ‘n welskape plesier te hou. Hy het bo en behalwe die feit dat hy boere- en Engelse konsertina en viool kon speel en tant Alie die kitaar, hom verder laat ken as ‘n bedrewe mampoerstoker. Hierdie bestanddele het dan ook as grondslag gedien vir vele plesiere in die waenhuis op die plaas.

Op die dag van die opskop, het die omliggende plaasboere en ander genooides, van vroeg af met perdekarre, ossewaens, antieke motorkarre en fietse, hulle skrede na Vaalkop, ‘n plaas tussen Marico en Zeerust, begin wend. Hier en daar is ‘n traporrel of serfyn ook op die wa gelaai en daar is koers gevat. Vroeg die middag begin die eerste gaste aankom en die groetery en verneem na mekaar se welstand en oordra van nuus, begin. So kuier-kuier word almal gegroet en na welstand verneem. So tussen alles deur kan diegene wat erg las van stof in die keel het en dit verkies, ‘n snapsie van die kalmeermiddel kry wat Ouboet Frans so nougeset vir die geleentheid voorberei het. Wanneer die son moeg is om verder te skyn, word die lanterns, kerse en paraffienlampe opgesteek en komberse word op die breë muur eenkant, onder die voete uit, vir die kinders uitgesprei. Intussen stem die musikante hulle instrumente in en as almal gereed

is, speel Ouboet Frans die eerste wals, O, my liewe Laura, en dan word daar met toewyding gedans.

As die dansery so ‘n ruk aan die gang is en ‘n mens kyk van buiteaf in, dan is dit so ‘n stofwaas waarin skaduagtige figure rondbeweeg. In die wasigheid flikker die kerse aanhoudend en die lampe brand so dof. Nou lê alles in die regte voeë en daar word deurgedruk dagbreek toe.

Met ligdag begin die mense weer hulle bondels vasknoop en die waens en perdekarre begin koers kry huis se kant toe. Nog ‘n plesier het gekom en gegaan en nou moet die hand weer aan die ploeg geslaan word as al die stof gaan lê het.

Die beskrywing van Corrie Badenhorst laat ‘n mens terugdink aan Olive Schreiner se beskrywing van gebeure by ‘n bruilof in die Karoo so teen 1878. Teen sononder is die seremonies en etery agter die rug en dan :”Everything is removed from the great front room, and the mud floor,well rubbed with bullock’s blood, glistens like polished mahogany.”…..”The dancing begins as the first tallow candles are struck up about the walls, the music coming from a couple of fiddlers in the corner of the room. Bride and bridegroom open the ball, and the floor is soon covered with whirling couples, and everyone’s spirits rise.” So teen elfuur word die kinders versorg en die geselligheid kry weer koers. “Now, too, the busy feet have broken the solid coating of the floor, and a cloud of fine dust arises, that makes a yellow halo round the candles, and sets asthmatic people coughing, and grows denser, till to recognise any one on the opposite side of the room becomes impossible, and a partner’s face is seen through a yellow mist.” So word daar dan deurgestoot tot dagbreek. [The Story of an African Farm, Fawcett Publications, 1960, bl 187 ev].

Kan iemand help

Van die vadere wat in 1930 plaatopnames gemaak het, is daar een persoon van wie ons eintlik niks weet nie. Ek praat van **Sampie Viljoen**, **die konsertinaspeler van die Ses Hartbrekers**. Al bietjie inligting wat ons het, is dat sy eerste naam Samuel was. Daar is ook bewerings dat hy op ‘n busbankie in Booysens of Joubertpark, gesterf het en dat hy getroud was met Gerrie Snyman se suster. Dit is baie raar dat alle pogings om iemand op te spoor wat iets van hom weet, tot nou toe misluk het. Dit is tog baie onwaarskynlik dat hy oorlede is en geen mens weet iets hoegenaamd van hom nie. Is daar nie van sy of die ander lede van die Ses Hartbrekers se familie wat kan help dat ons iets meer van hierdie begaafde musikant kan uitvind nie. Help tog asseblief! Skakel Kobus Müller - **[012] 654 5544** as daar enige inligting is.

Korrespondensie ontvang

Korrespondensie is van die volgende lede ontvang :

1. André en Kikie van der Merwe, Zimbabwe.
2. Philip Raath ivm SATMA.
3. D P Knight, Fichardtpark.
4. Annatjie Pretorius, Volksrust.
5. Kobus Jordaan, Upington.
6. AHA Conradie, Wilkoppies, Klerksdorp.
7. G Symington, Pierre van Ryneveld. Sedert die skrywe ontvang is, is oom Symington oorlede. Sterkte aan sy familie!
8. R Faure, Musina.
9. Piet en Amelia van Bosch, Darling.
10. Freek Serfontein, Durbanville.
11. Wilhelm Schultz, Wonderboom-Suid. Die skrywe bevat punte wat op die agenda van die AJV van 7 Oktober 2006 geplaas moes word. Dit het egter met die verwisseling van hande nie gebeur nie. Dit handel oor ‘n nuusbrief en hoë drukkoste. Wilhelm, jammer die punte is nie behandel nie!

Ons kan wel die sake in die volgende nuusbrief te berde bring en van ons lede kommentaar vra. Laat hoor van jou oor hoe ons kan maak.

Dankie vir die waardering, dankbetuiging en welwillendheid wat in die skrywes oorgedra word.

Dankbetuiging

Die voorbereiding vir die herdenking-CD's moes redelik vinnig afgehandel word. Dit kon net nie ingepas word om alles op een plek af te handel nie. Peet van Staden het toe tot die redding gekom en van die musikante se musiek vir ons opgeneem. Peet, baie dankie vir jou moeite en welwillendheid vir die saak. Sterkte vir die toekoms en mag Lettie goeie gesondheid geniet !